# DIE KONINKRYK VAN DIE HEMEL GROEI EN VERANDER

27 Julie 2008

**VOORAF**

Die koninkryk vd hemel was ‘n baie **belangrike tema** in die HJ se verkondiging. Ons lees in Matt 4 dat Hy sy bediening **begin** het met die oproep: *“Bekeer julle, want die <u>koninkryk van die hemel</u> het naby gekom.” (:17)* Wat Hy vra, is dat ‘n mens Hom **as jou enigste Koning (hoogste gesag)** erken en **voluit dien**.

In Matt 13 word nie minder as **ses** gelykenisse oor die koninkryk van die hemel vertel nie (:24, 31, 33, 44, 45, 47). Ons lees vanaf :31.

**SKRIFLESING**: MATT 13:31-33, 44-52

1. DIE GROEIKRAG

Jesus se dissipels was op daardie stadium mense wat **alles netso gelos** het en Hom gevolg het. Twv Hom het hulle ALLES op die spel geplaas. Maar wat het **intussen gebeur**? Niks vreeslik opspraakwekkends nie. Niks wat bv met die byeenkoms op Loftus verlede Saterdag waar 71 000 mense byeen was om na Angus Buchan te luister vergelyk sou kon word nie. Miskien het hulle **begin wonder** of hulle nie ‘n fout gemaak het nie. Het hulle nie ‘n verkeerde perd opgesaal nie? Hulle sien dan nog nie dat die koninkryk waarvan Jesus gepraat het en waarna hulle so uitgesien het, aanbreek nie?

Jesus gebruik die beeld van ‘n **mosterdsaadjie** om hulle gerus te stel en te bemoedig. Dit het ‘n klein begin, maar gee kans. Gebruik net ‘n bietjie geduld. Soos daardie klein saadjie, het die koninkryk vd hemel **merkwaardige groeikrag**.

*Who Would Have Guessed?*

*If you had ventured a guess about the future of Jesus' kingdom two thirds of the way through his ministry, how optimistic would you have been?*

*He grew up in a despised province of the Roman Empire. He was born before his mother's marriage had become official. He did not appear publicly until he was thirty years old, and then he spent most of his ministry time in the commercialized and more heathen northern Israel, away from the religious power center in Jerusalem. After two years he'd gathered a dozen unimpressive disciples and gained a few converts, mostly among the poor and the unlearned. During the last year of his public life he generated such passionate opposition from both the moneyed aristocracy and from religious fundamentalists that they joined forces to have him painfully, shamefully executed.*

*Who would ever predict that from such bleak beginnings a great kingdom would grow?*

Die saadjie het toe inderdaad ‘n groot boom geword!
Die voorbeeld van die suurdeeg laat val die klem weer op

van die koninkryk. ‘n Mens het ook net ‘n **klein bietjie** suurdeeg nodig om ‘n groot verskil te maak. Wanneer dit in die deeg ingewerk word, is dit **onsigbaar**. Vir ‘n tyd lank werk dit **ongemerk**. Op die ou end het dit ‘n groot en onkeerbare uitwerking. (Worcester!)

Die dissipels hoef dus nie onrustig te raak wanneer dit vir hulle lyk asof daar nie veel aangaan nie. Soms is die gebeure in die koninkryk as’t ware onsigbaar, maar uiteindelik sal die uitwerking sigbaar word soos wanneer die suurdeeg die deeg laat begin rys.

Laat dit ons almal as burgers van die koninkryk bemoedig. Al is ons min christene daar by die skool of die werk bv. en al dink ander ons paar is onbelangrik, HET ons ‘n invloed op ander, al mag dit dalk nie altyd so sigbaar wees nie. Christene en die kerk se invloed is dikwels nie so opvallend en dramaties nie, maar **solank ons Jesus voluit dien**, is dit daar.

**Sjina:** Toe al die sendelinge so ± 50 jaar gelede uit Sjina gegooi is, was daar sowat 750 000 Christene. Hulle is vervolg en die kerk is verbied. Vir baie jare het dit vir ons van buite Sjina gelyk asof daar niks aangaan  wat die kerk betref nie. Teen verlede jaar was daar volgens inligting egter ± 130 miljoen Christene en die getal is steeds besig om te styg! WOW! Die suurdeeg het sy werk gedoen!

**Sumatra:** Dawid Mommsen was ’n Deense sendeling wat op die eiland van Sumatra in die laat 1800's gewerk het. Hy het vir 20 jaar daar gewerk en het nooit ’n bekeerling gesien nie. Hy het wel ’n paar mense die NT leer lees en Luther se kort kategismus in Sumatraans vertaal. Uiteindelik is hy vervolg en deur die kannibale diep in die oerwoud van Sumatra doodgemaak - die einste mense met wie hy die liefde van God gedeel het. Geen ander sendeling is ooit in sy plek gestuur nie. Gedurende die tweede wêreld oorlog is ’n Amerikaanse vegvliegtuig beskadig en die vlieënier moes ’n noodlanding op die eiland Sumatra maak. Terwyl hy uit die wrak strompel, storm die eiland bewoners op hom af met spiese in hulle hande.  Hy dog hier is sy einde! Glad nie, hy ontdek toe hulle is Christene. Na Mommsen se dood het daar ’n inheemse kerk ontstaan! Die suurdeeg het weer eens sy werk gedoen. Die koninkryk het onopgemerk, maar onstuitbaar gegroei.

Dit gebeur ook in ‘n mens se **eie lewe**. Met Jesus as jou Koning, kan jou lewe nie anders as om te verander nie, al vind die verandering soms ook geleidelik en byna ongemerk plaas. Ons kom dit agter uit die ander twee gelykenisse:

**SKAT:** Mense het destyds in oorlogstyd gewoonlik hulle geld en ander kosbare besittings in die grond begrawe omdat hulle geglo het dat dit die veiligste plek is – niemand sou dit daar raaksien nie. Dit het egter gebeur dat mense – soos dagloners - per ongeluk daarop afgekom het. Dit is wat met die man in die gelykenis gebeur het. Die skat was vir hom so kosbaar dat hy bereid was om alles op te offer om dit in die hande te kry. Niemand het hom GEDWING om dit te doen nie – hy WOU dit doen. Alle ander goed in sy lewe was nou vir hom van minder waarde. Sy lewe sou daarna nie dieselfde wees nie.

**PÊREL:** In die gelykenis van die pêrel weer kom die handelaar nie toevallig op die skat af nie. Hy is iemand wat juis op soek is na goeie pêrels. Toe hy op daardie kosbare pêrel afkom, doen hy dieselfde as die dagloner – hy offer alles op om daardie kosbare pêrel syne te maak – VRYWILLIG.

**Hoeveel is Jesus vir jou werd?** As 'n mens Hom na waarde skat, sal alle ander dinge vir jou van minder waarde wees. Dis sal 'n groot verskil in jou lewe maak.

Dis soos **Paulus** in Fil 3:7 sê: *" ... wat eers vir my 'n bate was, beskou ek nou as waardeloos ter wille van Christus."* Die dissiples het ook alles net so gelos toe Jesus hulle geroep het om Hom te volg. Hy hoef hulle nie te gedwing het nie – hulle WOU die opoffering maak. Hy was vir hulle meer werd as enigiemand of enigiets anders.

In die koninkryk van die hemel is ander goed vir 'n mens belangrik as toe jy nog aan die wêreld behoort het. Jy beoordeel dinge nou volgens of dit 'n geestelike wins of verlies sal beteken. Jy vra hoedat dit jou verhouding met die Here sal beinvloed. Jy streef daarna om die beginsels van die koninkryk wat vir ons in die Bybel gegee word, uit te leef. En jy doen dit omdat jy dit graag WIL doen. Jy voel nie sleg oor wat jy moes prysgee nie, maar opgewonde en vervuld oor wat jy ontdek het.
Die koninkryk verander mense se lewe nie deur 'n **las** op hulle te lê nie, maar deur die **blydskap** wat dit bring. Dit **dwing** ons nie deur geweld nie, maar **dring** ons deur liefde.

Hoeveel is die skat vir u werd? Dit is wel verniet, maar dit vra alles!

Laat my afsluit en saamvat deur u te herinner aan WIE ONS IS

Ons is burgers van die koninkryk van die hemel. Dit beteken:

1. Jesus is ons Koning.
2. Ons vertrou Hom dat Hy die koninkryk sal laat groei en wil graag sy medewerkers wees.
3. Ons weet Hy verwag ons allerbeste en verdien meer as net halfhartige toewyding of louheid van ons kant.
4. Niks is vir ons kosbaarder of belangriker as om Sy wil uit te voer nie.
5. Geen offer wat Hy vra, is te groot nie.

Amen

## BESPREKING

1. Lees weer die Skrifgedeelte.
2. Wat sê die gelykenisse van die saadjie, suurdeeg, skat en pêrel vir jou?
3. Ken jy nog voorbeelde wat die waarhede van die gelykenisse bevestig?
4. Watter boodskap het dit vir ons vandag?
5. Hoe kan ons dit deel maak van ons lewe?
6. Miskien kan jy vertel van hoedat die "suurdeeg" jou al geleidelik en byna ongemerk deur die maande/jare verander het.